

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 26**

**28 Junie 2026**

# Wanneer God stilweg werk
# (Lesse uit Rut)

**God se getrouheid aan Sy Woord**

Die verhaal van Rut wys hoe God agter die skerms werk op maniere wat ons nie eens kan uitdink nie. Dit vertel hoe God met 'n plan gewerk het om vir 'n nasie te sorg wat Hy uit niks gevorm het nie, en hoe Hy steeds vir daardie nasie omgegee het, ten spyte van hul rebellie, oortredings en verwerping. Dit is ook die verhaal van God se getrouheid aan Sy Woord. Hy het Sy Woord aan die vader van hierdie nasie, Abraham, gegee, en Hy bly betroubaar, selfs wanneer Sy nasie nie is nie. Die verhaal wys hoe God getrou gebly het aan alles wat Hy gesê het sou gebeur.

**'n Liefdesverhaal in God se plan**

Alles in die Bybel is daar deur God se betrokkenheid. Daarom moet ons, soos met elke ander Bybelboek, elke vers, elke hoofstuk en elke boek binne die konteks van die hele Bybel lees. Wanneer ons dit doen, ontdek ons hoe hierdie skynbaar eenvoudige liefdesverhaal wys hoe God deur Sy oneindige wysheid 'n plan laat ontvou wat nie net Sy betroubaarheid bevestig deur die vervulling van Sy beloftes aan Abraham, Isak en Jakob nie, maar ook hoe Hy sorgvuldig en met genade die verlossing bewerk van elkeen wat in Jesus Christus glo.

**God se verlossingsplan**

Die verhaal bied ook 'n profetiese perspektief op hoe die geskiedenis sou verloop. Is dit net 'n storie? In die laaste verse van die boek Rut sien ons dat Boas en Rut 'n seun gehad het met die naam Obed, die oupa van koning Dawid, uit wie se nageslag Jesus Christus ongeveer 1 000 jaar later gebore is. Dit is geskiedenis – nie 'n storie nie. Net so waar en tasbaar soos Dawid, die herderseun wat koning van Israel geword het.

**God se werk in ons huise.**

Wanneer jy die verhaal van Rut binne die konteks van die hele Bybel lees, besef jy dat God die hele tyd aan die werk is, selfs agter die skerms. As jy ooit gedink het jy het volle beheer oor jou lewe, dink weer. God is by jou elke tree van die pad. Hy is in beheer. Dit bring ons by die tweede punt: God is nou betrokke by jou lewensverhaal. Hoe jy daarop reageer, sal die rigting van jou lewe bepaal. Laastens, net soos God die huwelik van Boas en Rut gebruik het as deel van Sy plan om die geboorte van die Verlosser na die wêreld te bring en sodoende 'n seën vir mense te wees, so kan Hy ook jou lewe gebruik om 'n seën te wees vir almal wat jou pad kruis. - Herman de Kock -

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Ook vir die areas en mense waar dit nog bitter droog is, asook waar daar vloede is.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wệreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.
- Vir die veiligheid van almal wat gaan wegbreek vir 'n vakansie.
- Vir die veiligheid van ons jeug wat tuis bly.
- Vir rustigheid en kalmte tydens beplande betogings.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Tannie Sannie Wentzel
- Marcel Holtzhausen
- Debbie Fourie

Hettie Singleton
Stefanie Joubert
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Wessel Louwrens
Duppie du Plessis
Jaap Naudé
Madelein Els

**Gedagte vir die week**

**God is aan die werk,**
**selfs wanneer ons dit nie raak sien nie.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org